VERBINTENIS TOT VOLHOUBARE VENNOOTSKAP +
EERSTEKLAS AGENTE = **BOERDERYSUKSES**

Een van die hoekstene van Laeveld Agrochem se sukses is vennootskap. Vir ons is dit meer as net 'n mooi woord. Vennootskap is 'n aksie wat ons deur dik en dun toepas; 'n belofte wat ons nakom – van die eerste foonoproep tot die laaste besoek.

Die skakel tussen jou en ons verbintenis tot vennootskap is ons uithaler-agente.

Op soek na 'n agent:

- wat 24/7 gereed staan om die pad saam met jou te loop, wat sonder skroom in sy motor klim om jou te help met raad en daad, in ruil vir 'n koppie boeretroos?
- wat toegerus is met die jongste kennis en die mees gevorderde tegnologie rakende Laeveld Agrochem se dienste, produkte en presisieboerderymetodes?
- wie se topprioriteit jou boerderysukses is?

JY HET HOM GEKRY!

Michael Mc Gregor

Delmas

Michael McGregor en sy vrou Jana, het twee dogters, Michaela en Luane. Michael het sy skoolloopbaan in Benoni en Delmas voltooi. Hy het op hoërskool Cravenweek-rugby gespeel en provinsiale kleure in krieket en atletiek gekry. Sy liefde vir landbou het ontstaan toe hy saam met die boerseuns van hul gemeenskap in Hoërskool Delmas se koshuis gebly het, en naweke en vakansies saam met hulle plaas toe gegaan het.

Michael is al vir 23 jaar by die boeregemeenskap betrokke, waaronder 17 jaar met gewasse en oesbeskerming. Hy het ervaring in gewasse soos aartappels, groenbone, sojabone, mielies, wortels, pampoene, sorghum en koring.

Vandag is hy hoofsaaklik in Delmas en omgewing gebaseer, wat Balfour, Devon en Bronkhorstspruit insluit. Hy is ook 'n aktiewe lid van Croplife Protection en het sy AVCASA-kwalifikasie verwerf. Sy gebied is soja- en mieliewêreld, maar hy geniet die aartappels en groente net so baie.

Volgens Michael het die tegnologie vandag al so ver gevorder dat hy soveel meer aan al sy kliënte (hetsy 'n groot- of kleinboer) kan bied deur van Agri Technovation gebruik te maak. "Ons kan vandag presies sien wat jou gesaaides nodig het en ons kan dit toedien om die beste resultate met 'n goeie opbrengs te kry," sê hy.

Hy neem ook deel in die R2 nasionale klas van die NRC Rally met sy Volkswagen Polo 1600. Dit maak hom opgewonde om te sien wat die Hemelse Vader elke dag vir hom beplan.

Michael wil graag 'n bydrae in die landboubedryf as geheel lewer. "Ek wil hê ons almal moet 'n eenheid word soos van ouds en mekaar só bystaan – nie net met kennis nie, maar ook met ondersteuning. Ons is geseënd met sonskyn, reën en wonderlike grond, en dit is my voorreg om dit net nog beter te probeer maak," vertel hy.

GEWASSE: Aartappels, bone, mielies, wortels, pampoene, grane.

AANBIEDING: Oesbeskerming, Plantvoeding, Presisie Dienste

Vir professionele advies kontak: Tel: 082 328 3250 E-pos: michealm@laeveld.co.za